

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 223

(Geen datum)

Die Woord van God

* * * * *

"U WOORD is 'n lamp vir my voet
en 'n lig vir my pad."

(Psalm 119:105)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

'n Skoon lewe . . . deur Gods Woord

Luister na Psalm 119:9

"Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou?"

Dis 'n gewigtige vraag!

Dis 'n lewensbelangrike vraag!

Miskien 'n vraag wat jy al gevra het?

Hoe? Ja, hoe kan 'n jongmens sy lewe

- skoon hou?
- suiwer hou?
- of gereinig hou?

Hierdie woordjie "skoon hou" wil sê:

Jou lewe is nie skoon nie!

Daar is so baie sonde in hierdie wêreld!

So baie ongeregtigheid!

So baie vuilheid!

So baie "begeertes wat 'n jongmens" bedreig, sê Paulus in 2 Tim 2:22.

En hoe kan jy met God regmaak? Hoe kan jy jou hart vernuwe kry? Hoe kan jy jou lewe hervorm en verbeter?

Die Psalmdigter gee die antwoord op die vraag "Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? **DEUR HOM TE HOU AAN U WOORD!** Ja, **dis** die antwoord: God se Woord.

Die Bybel is die antwoord. Dit is die kragtigste wapen in jou hand – 'n tweesnydende swaard wat reinig en suiwer.

As 'n mens dus jou lewe inrig volgens die eise en beloftes van God, soos vervat in die Bybel

— dan gaan daar 'n heerlike en vreugdevolle lig op

— jy ontdek God se genade in die Bybel:

- dat jy Hom kan leer ken
- Sy liefde en goedheid
- Sy verlossing in Christus
- Sy inwoning in jou hart deur Sy Gees

Toets jouself ... jou optrede en denke, jou woorde en daede . . . toets dit aan die Bybel!

Maar **doen** dan wat die Woord sê — en jy sal jou lewe, deur Gods genade, skoon en suiwer hou!

Dis God se belofte aan jou - 'n belofte wat waar geword het toe Jesus Christus aan die kruis op Golgota gesterf het om jou sonde weg te neem en jou sodoende weer met God te versoen.

Daarom sing ons uit Psalm 119:4 (berymd):

"Hoe sal in die jeug die jongeling, gou deur ydelheid bekoor, rein kan wandel in sy weë? . . .

As hy wandel in U spoor?

U soek ek van ganser harte.
Heer, hou U my hande vas,
dat ek van U spoor nie dwaal nie,
en die kwaad my nie verras".

Ds. Nico Ligthelm

Nie vergeet nie

"U Woord sal ek nie vergeet nie " (Ps 119:16)

Ly u dalk aan **geestelike geheueverlies, geagte leser?**

Selfs al ly jy nie aan geheueverlies nie, gebeur dit tog dikwels dat ons as mense, dinge maklik vergeet. Minder belangrike dinge gaan maklik by die een oor in en by die ander een uit. Belangrike sake sal jy selfs aanteken om dit nie te vergeet nie.

En nou het die Here self Sy Woord vir ons opgeteken. Wat Hy wil hê dat ons van Hom moet weet en wat Sy wil is, het ons op skrif in die Bybel.

En die Here se Woord is so belangrik — ja, **dit behoort die belangrikste boek in jou lewe te wees** — dat jy dit onder geen omstandighede mag vergeet nie.

INSKERP

Om iets lank te onthou, is dit nodig dat jy dit by jou moet inskerp.

Deur herhaling moet jy dit diep in jou geheue en verstand ingrapeer.

Daarom — om die Woord van God nie te vergeet nie — moet jy Sy Woord:

- gereeld lees
- getrou lees
- sistematies lees
- met aandag en ontsag lees

Jy moet 'n behae hê in die Here se Woord en dit dag en nag oordink (Ps 1:2)

Aan gelowige ouers sê die Here presies hoe hulle met hulle kinders moet omgaan met die Woord van God:

"Hierdie gebooie wat Ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat." (Deut. 6:6 en 7)

Jy moet

- die Here se Woord liefhê
- die Here se Woord in jou hart bewaar
- die Here se Woord omhels

God kom deur Sy Woord self aan die woord. Deur sy Woord **praat Hy** met jou.

GEVAAR

As jy die Woord van God vergeet en dit nie meer onthou nie, is jy met 'n gevaarlike spel besig. Dan is jy besig om van God te vergeet.

"My volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp." (Hosea 4:6)

Om dus die Woord van die Here te vergeet is geen ligtelike saak nie. Jy plaas jou ewige lewe op die spel.

Om die Here se Woord te bly onthou, is nie so moeilik nie. Jy moet net gedurig daarmee besig wees. Sy Woord is vir alle mense geskryf. Dit lê binne jou vermoëns om dit te **lees en te verstaan**.

DAAROM:

- lees die Bybel gereeld, en dink na oor wat jy gelees het
- lees die Bybel vir jou kinders, en leer hulle van God
- luister na God se Woord onder die erediens — ontmoet Hom daar
- doen Bybelstudie (in 'n groep of alleen) en grawe jou in, in die geheimenisse van Sy Woord.

WINS

Wanneer jy die Here se Woord gereeld lees, dan val 'n geweldige wins jou te beurt.

- Deur die werk van die Heilige Gees versterk God jou geloof.
- Jy word hoe langer, hoe sekerder van jou saligheid
- Jy leer jou sonde al hoe beter ken, en daarom is jou verlanse des te groter om verlos te word
- Jy leer die genade van God, wat Hy in Jesus Christus bewys het, al hoe beter ken.

DAN:

Sal jy saam met die digter van Ps 119 kan sê:

"U WOORD SAL EK NIE VERGEET NIE"

Ds. A.H. Grove.

U Woord is 'n Lamp vir my voet en 'n lig vir my pad

Psalms 119:105

Dit sou domastrant en lewensgevaarlik wees vir 'n mens om hom in die nag sonder 'n lig op 'n vreemde en gevaarlike pad te begewe.

In die donker kan 'n mens immers nie die moontlike gevaarplekke betyds raaksien om dit te vermy nie. 'n Nagreisiger moet daarom voorsorg tref vir voldoende lig.

Net so het ons op ons lewenspad en in ons stryd teen die duiwel, die wêreld en ons eie sondige liggame ook genoegsame lig nodig. Elke mens, as sondaar, is soos 'n reisiger in die donker nag. **Hy het goeie lig nodig om die gevaarplekke betyds op te merk.** Daarsonder is hy hulpeloos en verdwaald en dit in lewensgevaarlike omstandighede.

Ons moet daarom die **HERE** dankbaar wees vir Sy Woord wat Hy as 'n lamp vir ons voete en 'n lig vir die pad, aan ons gegee het.

Ons loop op 'n baie moeilike geestelike pad. Satan maak dit vir ons baie moeilik.

Dit is so dat ons langs die pad oor diep afgronde, oor rotse en deur gevaarlike ruigtes moet gaan, maar met die skynende lamp van die Woord in die hand kan ons orals ons weg vind, ongeag die omstandighede.

WANT:

DIE WOORD waarsku ons as ons by kruispaaie verkeerd afdraai.

DIE WOORD bemoedig ons wanneer die pad onbegaanbaar en moeilik lyk.

DIE WOORD gee leiding wanneer alles sinloos en deurmekaar voorkom.

In die lig van **DIE WOORD** leer ons dan ook om betyds die waarheid te onderskei van die leuen en die vyand raak te sien sodat ons reguit en sonder huiwering uiteindelik ons bestemming kan bereik.

Met 'n sondige hart en 'n verduisterde verstand kan ons nie self die gevare raaksien nie. In onself maak ons die pad eintlik nog meer donker. Alleen die **WOORD VAN GOD** openbaar alles wat ons nodig het om te weet.

Die lig van die Bybel is helder en duidelik. Uit homself kan die mens op 'n helder sonskyndag met oop oë op 'n afgrond afstuur. Dit is wat ons doen as ons, ons nie steur aan die gevare of waarskuwings waarop die Bybel ons wys nie. Dit geld natuurlik vir elkeen wat weet van die Bybel, maar hom nie daaraan steur nie — dit nie gelowig wil aanvaar en gehoorsaam nie.

Ons moet die Bybel gereeld lees en biddend bestudeer.

Ons moet die lig daarvan oor ons lewens laat skyn.

Daar is diegene wat nog in die donkerte rondtas.

HULLE EINDE IS NOODLOTTIG!!

Elkeen wat hom in die **WOORD VAN GOD** verlustig, ontmoet daarin die **VLEESGEWORDE WOORD**. Elkeen wat gelowig ag slaan op die lig van die Woord, vind daarin die **LIG VAN DIE WÊRELD - JESUS CHRISTUS**.

Hy het die duisternis oorwin. Hy is die Lig wat redding bring.

Wie in Hom glo en in Sy Lig wandel, **gaan nie verlore nie.**
Sonder **JESUS CHRISTUS** lei ons pad na die ewige duisternis.

MAAR:

Met Hom lei ons pad na die **EWIGE LIG.**

- Hy is die Weg
- die Waarheid
- en die Lewe

Ds. Sarel Cilliers

U Woord het ek lief

Psalm 119:140

"Heer, U Woord, dit is gelouterd en bemind deur my, u kneg . . ."
" . . . ek vrees U Woord alleenlik,
en ek is daar vrolik by.
U beloftes gee my vreugde
soos die wat oorwinnaars smaak ..."

So besing die psalmdigter sy liefde vir, en die vreugde wat hy deur die Woord van die Here besit.

Die Woord wat hier besing word, is **die Woord van DIE HERE**.

Dit kom van niemand anders as van God self nie. Dit is deur God geïnspireer. Dit het goddelike gesag en goddelike outoriteit, en dit is ewig.

Alhoewel deur mense geskryf, is dit geen blote menslike geskifte nie. God is hier aan die woord, deur die pen van die Bybelskrywers. So verklaar die apostel Petrus:

"... geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie,
maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God
gespreek" (2 Pet 1:21).

Daarom is die Bybel heilig, suiwer, volmaak, gelouter en gesagvol. So bely die digter van Ps 119 in hierdie loflied die heerlikheid van die goddelike Woord.

Die Bybel is die Woord van God. Elke sin daarvan is gebore in God se gedagte; elke hoofstuk is 'n goddelike openbaring; elke boek spreek van die Here en van Sy wonderdade.

En dit is ook die wonder van die Bybel:

- Verskillende mense onder verskillende omstandighede
- wat in verskillende eeue geleef het
- en op verskillende plekke gewoon het
- en selfs verskillende tale gepraat het
- het 'n reeks van boeke geskrywe wat onteenseglik 'n eenheid vorm
- en waarin daar een deurlopende goue draad is!

En die rede daarvoor is:

Die Heilige Gees was van begin tot einde God se Bybelskrywer en die mense was die instrumente wat Hy hiertoe gebruik het.

Hierdie een deurlopende tema is nl. dat die Bybel van begin tot einde getuig van die verlossingswerk van God deur Jesus Christus. Hy vorm die stralende kernpunt daarvan. **DIE BYBEL IS DIE KLEED WAARIN CHRISTUS TOT ONS KOM.** Dit word ook die Evangelie genoem - dit wil sê die Blye Boodskap van Christus se versoeningswerk.

Al die Skrifte het betrekking op Christus:

- Hy is die Skat wat verborge lê in die akker van die Ou Testament;
- Reeds in die sondevervalle paradys word van Hom getuig as die uiteindelijke oorwinnaar oor Satan;
- Hy dra die ark van Noag op die wêreldvloed deur die oordeel van God heen;

- In die bloed van die besnydenis en in die vlamme van die brandoffers sien ons Sy lyding op Golgota

Dit word ook genoem "die Woord van **verlossing**" (Hand. 13:26).

Dit is die Here se "Woord van **genade**." (Hand. 14:3),

Paulus noem dit ook die "Woord van die **lewe**" (Fil. 2:16) en die "Woord van **versoening**." (1 Kor. 5:19).

Die Skrif is God se liefdesverklaring in Jesus Christus. Dit is **Evangelie** — die Blye Boodskap dat God Hom oor die wêreld ontferm het, en in Jesus Christus gekom het om sondaars te verlos, om goddeloses te regverdig, en om die wêreld te behou. (Ef. 1:13; 6:15; Joh. 3:16).

Geen wonder nie dat die digter van Ps 119 so in vervoering raak oor die rykdom van God se genadewoord, dat hy sy liefde daarvoor besing en sy vreugde daarin verklaar.

Die Bybel is die **Woord** van God — dit vra van ons **'n antwoord**,

- dit vra van ons oorgegewe liefde, brandende harte en 'n lewende geloof;
- dit vra van ons biddende omgang daarmee, ootmoedige studie daarvan vertrouensvolle afhanklikheid en nederige gehoorsaamheid daaraan.

Jesus het diegene wat na sy woorde luister en dit doen, vergelyk met iemand wat sy huis op 'n rots gebou het. Die winde het gewaai en die reën het geval, maar daardie huis het bly staan.

- Maak dit dan Hy is die lam wat tydens die pasga geslag moes word
- In die Psalms van Dawid word sy sterwensleed uitgekla
- Die profeet Sagaria tel al die dertig silwerstukke vir Judas af
- Die Evangelieskrywers vertel van sy lewe en sterwe, van sy stryd en oorwinning, van sy vernedering en verheerliking
- Deur die pen van die apostel Paulus praat Hy van liefde en geregtigheid
- En deur die oë van Johannes sien ons Hom voor die troon.

Die ses-en-sestig Bybelboeke is soos ses-en-sestig sterre wat stilstaan bo die stal van Betlehem.

Daarom beskryf die Bybel homself ook as 'n "krag van God tot **redding** vir elkeen wat glo" (Rom 1:16).

Die bede van u hart:

O Here, verlig ons deur U Gees
ontsluit vir ons die rykdom van U Woord
sodat dit in ons 'n geopende hart mag vind
en ons geseën mag word met U **lewewekkende**,
vergewende en vernuwende genade in Christus Jesus
Amen

Ds. Pieter van der Walt

Op U Woord verlaat ek my

Psalm 119:160

Op U Woord kan 'n mens hom geheel en al verlaat.

Deesdae is daar min goed, indien enige, waarop die mens hom geheel en al kan verlaat.

Die feilbaarheid van alles word by die dag al hoe meer duidelik, en niks is werklik so standvastig dat 'n mens met toe oë, jou geheel en al daarop kan verlaat nie.

Tog is daar een ding in hierdie wêreld wat beter is as enige iets wat ons besit.

Dit is die WOORD VAN GOD

Boonop besit u en ek die Woord van God in ons eie taal. Ja, u en ek het die Woord in ons eie huise — die Bybel.

Op die inhoud van die Bybel kan 'n mens hom geheel en al verlaat — u sou vra hoekom?

Dit is die Woord van God. Wanneer God iets skrywe dan kan u en ek dit vir die absolute waarheid neem. God kan nie lieg nie, dan sou Hy nie God gewees het nie. Daarom is Sy Woord betroubaar en ewig en soos Sy wese, onveranderlik.

Sy Woord is helder en duidelik.

- Ons moet vir geen oomblik dink dat Sy Woord teenstrydighede bevat nie.
- Onthou, dit is God se Woord en ons moet dit met 'n menslike verstand begryp.
- God maak Homself en alles wat ons nodig het op hierdie wyse aan ons bekend.
- U kan dit self lees en verstaan.

Sy Woord is NOODSAAKLIK. Waar anders kan ons lees dat ons 'n Verlosser in Jesus Christus het?

- Watter boek vertel u van God?
- Watter boek kan u lees wat God self oor Hom laat skrywe het?
- Daar is dus maar een boek om u en my op die regte pad te lei, ons die heuglike en salige verlossing in Jesus Christus mee te deel en die Heilige Gees toe te laat om ons daarin te lei.

Sy Woord is gesaghebbend. Die Bybel sê dit self.

Dit is God se Woord en is bekleë met Goddelike gesag. Niemand kan dus die Bybel weerspreek, of ongeldig maak nie. Dit is en bly God se Woord. Niemand mag daaraan byvoeg nie en niemand mag daarvan wegneem nie. (Open 22:18)

U kan u op God se Woord verlaat.

U weet waar dit vandaan kom, u weet wat dit is.

Maar weet u wat daarin staan?

- Lees ons werklik genoeg sodat ons kan weet wat God van ons verwag?
- Lees ons oor God en al Sy wonderlike dade?
- Luister ons na preke uit die Bybel?

Ja, God se Woord is betroubaar — God is self aan die Woord en Hy praat met u en my —

- maak oop jou oë en ore:
- sien en lees
- luister en hoor

Ds. Leo van Schaik